

HOE “ROOFDIERVRIENDELIK” IS ANATOLIESE HERDERSHONDE?

In reaksie op die aankondiging dat Woolies roofdiervriendelike vleis gaan verkoop.

ANATOLIESE HERDERSHONDE ONDER DIE VERGROOTGLAS

By verskeie vergaderings waar ek teenwoordig was, het boere wat anatoliese herdershonde aangeskaf het opmerkings gehad oor die honde wat wild jaag. Sommige het aangedui dat jakkalse en rooikatte doodgemaak is. Alhoewel die boere etlike duisende rande per hond betaal het, is verskeie van die honde op die ou end, weens die probleme wat die honde veroorsaak, deur die eienaars self doodgeskiet.

In 2002 verskyn Dr. Laurie Marker van die Cheetah Conservation Fund (CCF) van Namibia se PhD tesis (oor die biologie, ekologie en bewaring van die jagluiperd op Namibiese plase). Die tesis sluit ondersoek na alternatiewe beheermetodes skade aan vee in. In die bespreking oor die 157 herdershonde word genoem dat 94.4% van die honde gedragsprobleme getoon en dat korrektiewe opleiding slegs 61% kon rehabiliteer om as werkende honde ontplooi te word. Die 3 grootste gedragsprobleme was: 44% het wild gejaag (geen statistiek oor hoeveel wild gevang is nie). 37% van die probleem honde het by die kraal gebly en nie saam met die vee veld toe gegaan nie, en 25% het vee lastig geval of doodgemaak. Sommige honde was skuldig aan twee of drie van die aspekte van die van ongewenste gedrag. Uiteindelik is 43% van die honde verwyder uit die projek of omdat die gedrag nie reggestel kon word nie of omdat die honde dood is – 21% van die honde wat dood is, is weereens deur die eienaars self geskiet. ‘n Verdere 6% is deur die buurman of ander boer doodgeskiet. Die meeste is egter deur ongelukke, siekte en vergiftiging dood. Marker noem dat in studies in die VSA ook tot ‘n derde van herdershonde geskiet is.

En bowe dit alles is die gemiddelde werkslewe van die honde nie eers vier en ‘n half jaar nie!

Wel! – waar ‘n rokie draai moet daar ‘n vuurtjie wees.

Die lig het opgegaan met die verskyning, in 2011, van Gail Potgieter se MSc tesis met die titel: *The effectiveness of livestock guarding dogs for livestock production and conservation in Namibia*. Dr Marker was een van die toesighouers oor die tesis.

Sowat twee derdes van die Anatoliese honde in die studie word vergesel deur veewagters wat die dag in die veld saam met die honde deurbring en ‘n ogie kan hou oor die aktiwiteite van die honde. Die honde is by kommersieele en gemeenskapsboere geplaas. Alhoewel 30% van die kommersieele boere geen verskil in die roofdierskade ondervind het nie, was die 76% van al die boere in die proef tevrede dat daar ‘n noemenswaardige afname in veeverliese was.

Die vraag is egter hoe roofdier-vriendelik die honde is.

Reeds in die inleiding van die tesis lees ons dat 37 van die honde jakkalse doodgemaak het, nege het bobbejane doodgemaak, drie rooikatte en een het selfs ‘n jagluiperd doodgemaak. Verskeie ander diersoorte soos bakoor vos en vaalbeskatte is ook doodgemaak. Een hond het “kleinwild” gevang. Daar is minstens 83 diere deur anatoliese honde doodgemaak en dit is ‘n onderskatting omdat verskeie ander boere ook genoem het dat die honde diere doodgemaak het, maar nie getalle kon gee nie. Sowat 63% van die Anatoliese honde het diere doodgemaak.

Nadat die herdershonde uitgeplaas is het die boere self noemenswaardig minder jakkalse en rooikatte doodgemaak. Saam met die honde se oes is daar egter bykans dubbel soveel jakkalse and

rooikatte doodgemaak nadat die honde op die plase begin werk het! Daar was egter 'n skerp afname in die aantal jagluiperds wat doodgemaak is.

Vir die boere is dit nie 'n probleem nie, aangesien die roofdiere en selfs die bobbejane as teikendiere beskou word omdat hulle veeverleise veroorsaak. Verskeie internasionale bewaringskundiges beveel ook aan dat dodelike en nie-dodelike beheer van skade saam gedoen moet word waar die skadedoende diere vollop is.

HOE VERGELYK HIERDIE STAND VAN SAKE MET ANDER LANDE?

Anders as die Suid-Afrikaanse model waar die funksie van mens-dier konflik onder die natuurberwaringsowerhede val, is die National Wildlife Services en die National Wildlife Research Center (NWRC) in die VSA onder die landbou owerheid.

Hier by ons lei natuurbewaring ernstig onder kroniese geld tekort en kan die mens-dier konflik hantering hoegenaamd nie tot sy reg kom nie. Die eerste opvallende aspek van die VSA sisteem is die begroting vir die Wildlife Services. In 2012 was dit bykans \$150milj net die NWRC het sowat \$15milj gehad om mee te werk. Daar word jaarliks tot honderd en vyftig publikasies van hulle werk toegevoeg tot die kennis van mens-dier konflik hantering. Hierdie organisasie beroem hulle ook daarop dat hulle wêreldleiers is op die veld van nie-dodelike mens dier konflik hantering. Daar is publikasies van die 1980s af toe hulle reeds die herdershond begin toets het om skade onder vee te verlig.

Die NWRC publiseer jaarliks 'n glans tydskrif waarin hulle spog met alles wat hulle bereik het. Kort voor die draai van die eeu was nie-dodelike beheer van skade die aspek wat groot aandag geniet het. So net minder as 'n dekade later het diè aspek egter verdwyn en in teendeel was een van die aspekte betreffende coyotes in die 2011 uitgawe in ontwikkeling van 'n nuwe natuurlike gifstof vir wat nie sekondêre virgiftiging of omgewingsbesoedling tot gevolg sal hê nie. In die 2014 uitgawe is een van die coyote gerigte aspekte die ontwikkeling van meer selektiewe lokmiddels vir die M44 ('n apparaat wat gif in die coyote se bek inskiet wanneer die coyote dit aktiveer).

So laat ek opsom: 'n organisasie met meer as vyftig hoogs gekwalifeseerde navorsers en 'n meer as voldoende begroting kon oor 30 jaar nie nie-dodelike metodes ontwikkel wat alle dodelike metodes kon vervang nie! (en huidig is hulle uit idees uit).

Nog 'n voorbeeld vanaf Australië: Die gifstof 1080 word reeds vir meer as vyftig jaar gebruik om allerhande "probleemdiere" te bestry. Die regering is egter hard besig om die gifstof te beperk en alternatiewe te soek. (in hierdie geval is die teiken nie roofdiere nie). Daar is dan ook 5milj Aus dollars (sowat R20milj teen daardie tyd se vlakke) bewillig om alternatiewe oplossing vir die konflik te soek. Verskeie navorsers van verskeie dissiplines, het saam met omgewingsaktifiste deelgeneem aan die "Alternatives to 1080" program.

Die uitkoms is dat die skiet van die diere (deur professionele jagters) die enigste huidige oplossing is wat die nodige verligting van die probleem kan verseker en wat vergelyk kan word met die effek wat 1080 gehad het. Die enigste ander potensieele oplossing, wat nog verfyn word, is die gebruik van 'n ander gifstof wat nie die nadelige omgewingseffekte van 1080 het nie.

Om terug te keer na herdershonde self. Heelwat van die riglyne wat bestaan oor die beste aanwend van herdershonde stipuleer dat 'n hond, afhangend van die terrein en digtheid van plantegroei, 200-300 skape kan oppas in kampe wat ook sowat 200-300ha beslaan. Al is 'n hond se sintuie baie skerper as 'n mens se sintuie is dit tog ook beperk en is dit logies dat honde nie onbeperkte groot getalle vee in onbeperkte groot areas kan beskerm nie.

Daarom plaas ek 'n vraagteken oor minstens een van die voorvalle in McManus *et al*' se studie waar 1 hond skade drasties beperk het op 'n plaas van 6 500ha waarop met oor die 3 000 skape geboer word.

Of wag – is dit dalk net moontlik dat ons hier 'n voorbeeld het van hoe effektief die doodmaak van die skadedoende jakkals of rooikat induwidue is, wanneer die roofdiere wat die trop vee aanval deur die hond betrap en doodgemaak word?

Daar is niks mee fout om te strew na roofdiervriedelike skadebeheer onder vee nie – die ideaal MOET nagestreef word. Daar moet egter nog heelwat water in die see loop en baie miljoene aan navorsing bestee word voor diè ideaal enigsins bereik sal kan word.